

13 Julie

Matteus 15:13-16, (Teks: 15:14)

Sigbare Christen

Kan 'n stad op 'n berg weggesteek word?... of 'n lamp op 'n staander in 'n donker kamer onsigbaar wees?

Natuurlik nie!

Ons kan egter baie maal weggesteek wees, soos 'n lamp of onder 'n maatemmer en ons geloof gekamoefleer, sodat ons nie eers in ongelowige geselskap uitstaan as gelowige kinders van God nie.

Was dit dalk vandag die geval met my toe ek iemand anders kon bemoedig het in moeilike omstandighede wat deur die HERE op my pad geplaas is? Waar was my moed toe ek standpunt moes inneem by 'n vergadering?

Ek kon my so maklik vereenselwig met iemand anders wat besig is om die stryd aan te sê teenoor onregverdigheid, maar ek het geswyg. Ek kon... maar ek het nie! Ek het nie die geleentheid aangegryp om my God en my Verlosser, Jesus Christus, te dien nie.

Ek het vergeet dat ek 'n ligdraer is.

Christus, die lig van die wêreld, het my hierin voorgegaan.

Hy het tot die einde die wil van sy Vader gedoen, die smaad gely, die kruis verdra, *ter wille van my en vele ander!*

Mag hierdie woorde van ons Saligmaker 'n voortdurende gebed wek by ons:

O HERE, laat my tog weer eens besef dat selfs my eie klein liggie baie ver sigbaar kan wees en dat dit tot U eer moet skyn in die donker sondewêreld.

Laat my weer besef dat dit nie saak maak hoe klein 'n stadjie is nie, maar, as dit op 'n bergtop staan, is dit vir myle ver sigbaar.

Laat my hele lewe - wat ek is en doen - in u diens staan, al is ek hoe nietig in my eie oë. Maak my roepingsbewus, dat ek ander ook bevrug deur 'n sigbare, liefdevolle Christelike lewe wat deur u Heilige Gees aangevuur word.

Ds. H.T. de Villiers (Pretoria)